DUIMPIE Preprimêr

Lormarinsstraat
Bayswater
Bloemfontein
9301

051 4331303

duimpie@lsbfn.com

Skoolreëls 2025

Toelating en bywoning:

Duimpie Preprimêr is 'n Christelike, ***Afrikaansmedium skool***. Aangesien moedertaal (eerste taal) onderrig in die grondslagfase só belangrik is vir u kind se ontwikkeling, **is dit BAIE belangrik dat u kleuter Afrikaans magtig is.**

Neem asseblief in ag dat alle inligting, briewe, kommunikasie en geleenthede rakende die skool in Afrikaans oorgedra word.

Kleuters word toegelaat vanaf driejarige ouderdom (mits hulle TEN VOLLE ge"potty train" is). Geen "pull-up" doeke word toegelaat nie. Kleuters mag dié skool bywoon tot aan die einde van die jaar waarin hulle **ses** (6) word.

Kleuters is skoolpligtig (Graad 1) in die jaar wat hulle *sewe* word, maar mag in die preprimêre skool aanbly, *mits daar van die Onderwysdepartement vrystelling van skoolplig verkry is.*

Alle immunisasie moet op datum wees.

Aankoms en vertrek (skoolure):

'n Personeellid sal om 7:00 by die skool wees om oop te sluit. Gee asseblief die personeellid aan diens, die nodige tyd, om die perseël oop te sluit.

Ons dagprogram begin stiptelik om 08:00 en eindig 12:30.

Halfdagkleuters moet om 12:30 gehaal word, aangesien hulle dagprogram dan voltooi is.

SLEGS kleuters met ouer boeties of sussies in Laerskool Bloemfontein, het 'n vergunning tot 14:00 om kleuters te kom haal. Na 14:00 tree 'n R100 boete in werking. Dit sal by u skoolfondsrekening gevoeg word. *Kleuters met boeties/sussies in Hoërskool Bloemfontein MOET van middagsorg gebruik maak, sodat kleuters om 13:00 middagete in die klas kan eet.*

Voldagkleuters moet nie later as 17:00 gehaal word nie. Ná 17:00 tree 'n R150 boete in werking vir elke 10 minute laat. Dit sal by u skoolfondsrekening gevoeg word. Ouers met enige uitstaande boetes, sal nie verder van middagsorg gebruik kan maak nie.

Die daaglikse program begin stiptelik om 8:00. Hierdie reël moet eerbiedig word, deur u kleuter betyds by die skool te besorg. Die hek word stiptelik om 8:00 gesluit vir u kleuter en personeel se veiligheid. Register word om 8:00 geneem en kleuters sal afwesig gemerk word, indien hulle nie teen 8:00 by die skool is nie.

Ouers moet kleuters tot by hulle eie klas neem.

Kleuters moet soggens tot by 'n personeellid vergesel word. Geen kleuter mag net tot by die hek gebring word nie. Dra hierdie reëling oor aan u kleuter se privaatvervoer, indien u nie u kleuter self skool toe bring nie.

Storietyd is daagliks tussen 12:00 en 12:30. Moet asseblief nie hierdie hoogtepunt en baie belangrike deel van u kleuter se dag onderbreek nie!

Indien enige iemand anders (behalwe die ouers) die kleuter by die skool kom afhaal, moet die betrokke onderwyseres daaroor ingelig word. Geen kleuter sal aan 'n vreemdeling, sonder die toestemming van die ouers, gegee word nie.

Ouers kan op 'n ongereelde basis van middagsorg gebruik maak. Die koste hieraan beloop R150 per middag. Reël dit met u kleuter se klasonderwyseres.

Op die laaste dag van elke kwartaal sluit die skool om 10:00 en daar is nie skool vir kleuters nie.

Die skool is gesluit op alle publieke vakansiedae en offisiële skoolvakansies.

Geen vakansiesorg.

Busmaats/Privaat vervoer:
Alle busreëlings/privaat vervoer is u as ouer se verantwoordelikheid.

U moet self alle nodige reëlings by Hoërskool Bloemfontein tref en bevestig indien u kleuter van busvervoer gebruik gaan maak.

'n Boetie, sussie of kennis (wat op dieselfde bus ry) moet deur u gereël word om u kleuter tot by Duimpie te bring in die oggend en u kleuter by Duimpie te kom haal en saam bus toe te neem.

Geen kleuter gaan alleen na die bus/privaat vervoer stap nie.

U moet op die eerste oggend van skool u busreëlings/privaat vervoer met u kleuter se klasonderwyseres bevestig. Maak seker dat u kleuter se klasonderwyseres weet op watter bus/privaatvervoer u kleuter ry en wie (naam, van, graad en bus) hom/haar vir die bus gaan kom haal.

Personeel kan GEEN kleuters na die busse/privaat vervoer vergesel nie.

Skoolfooie:
Intreefooi R500 (Eenmalig, verpligtend vir nuwe kleuters. Nie terugbetaalbaar nie)

Pakket R1000 (eenmalig per jaar, verpligtend vir alle kleuters)
Dié pakketgeld sluit die volgende in:

- ✓ ALLE skryfbehoeftes vir die hele jaar (u hoef GEEN aankope te doen of skryfbehoeftes te merk nie)
- ✓ 1x Stel somersklere
- ✓ 1x Sak
- ✓ 1x Pet
- ✓ Konsertdeelname

Halfdag (08:00 – 13:00) R1550-00 per maand per kleuter
Voldag (08:00 – 17:00) R1900-00 per maand per kleuter
Begroot vir 'n 10% verhoging vir 2026

Gelde is betaalbaar oor ***11 maande,*** vanaf Januarie tot November.

Dit is betaalbaar ***voor of op die 7de*** van elke maand. GEEN uitsonderings kan gemaak word nie. U moet daarvolgens begroot.

DUIMPIE Preprimêr

Lormarinsstraat
Bayswater
Bloemfontein
9301

051 4331303

duimpie@lsbfn.com

Indien 'n kleuter se skoolgeld aan die einde van 'n kwartaal nie ten volle vereffen is nie, sal sodanige kleuter met die aanvang van die nuwe kwartaal, die skool geweier word. Kleuters met uitstaande skoolgeld sal nie van middagsorg gebruik kan maak nie.

Vir u kleuter en personeel se veiligheid moet skoolgeld deur middel van direkte inbetalings, internetbetalings of debietorders, inbetaal word. Geen skoolfooie kan kontant by die skool betaal word nie.

Bankbesonderhede:
Laerskool Bloemfontein
ABSA
Tjekrekening 404 887 1372
NB! VERWYSING: DPKleuter se naam en van bv. DPRubenvanZyl
'N BEWYS VAN BETALING MOET NA duimpie@lsbfn.com gestuur word met ELKE betaling.

Duimpie se begroting is afhanklik van skoolgeld. Deur u skoolgeld te betaal, kan ons, ons bekwame personeel behou en klasse se getalle tot 'n minimum beperk.

'n Maand skriftelike kennis word vereis indien u kleuter die skool verlaat.

Middagsorg:
Vanaf 13:00 tot 17:00.

'n R150 boete sal gehef word, vir elke 10 minute wat u kleuter na 17:00 gehaal word.

Middagsorgkleuters **moet 'n aparte kosblik** vir middagkos hê, wat in die yskas gebêre sal word.

Middagmaats moet 'n GESONDE versnappering vir 15:00 (na opstaantyd) hê.

Geen matrassies, kussings of komberse word skool toe gestuur nie. Die skool het bedjies en kombersies vir kleuters.

Gesondheid:
Wanneer u kind siek is, of 'n aansteeklike siekte onder lede het, mag hy/sy nie skool bywoon nie. U sal dadelik geskakel word, om u kleuter te kom haal, indien hulle siek is.

Kopluise is ook 'n aansteeklike siekte en u kleuter mag nie die skool bywoon, voordat alle tekens verwyder is nie.

Alle allergieë moet duidelik in die inskrywingsvorm aangedui word!

GEEN medisyne word by die skool toegedien nie. Indien u kleuter enige medisyne moet drink, is hy/sy te siek om skool by te woon. SLEGS chroniese medikasie (soos bv. Stratera sal wel toegedien word – u moet skriftelik toestemming hiervoor gee.)

Netheid en kleredrag:
Gemaklike, selfhelp klere is noodsaaklik.

U kleuter leer deur te speel, so trek asseblief klere aan wat mag vuil word!

'n Ekstra stel klere in die tas is noodsaaklik vir ALLE kleuters! Soms is daar 'n glips, koeldrank word omgegooi of 'n val in modder of water. Sit dit asseblief in 'n duidelik gemerkte "ziplock" sakkie.

Geen fantasie- of karakterklere mag aangetrek word nie.

Die gebruik van u kleuter se Duimpie sak is VERPLIGTEND. Dit is groot genoeg om al u kleuter se besittings veilig te hou. Leer u kleuter om self hul besittings te bêre.

Duimpie skoolklere kan addisioneel aangekoop word, dit is nie verpligtend nie. Bestelvorm is by die kantoor beskikbaar. Maats moet asseblief hulle Duimpie-klere op Maandae en Vrydae skool toe, aantrek.

Ons verkies dat ons maats KAALVOET skool toe kom! Tydens wintermaande, veter tekkies vir maats wat al SELF hulle veters kan vasmaak, andersins 'girts-garts' ("velcro") tekkies. GEEN hak- of platvorm skoene nie. Geen plakkies.

Geen serpe.

Merk asseblief al u kleuter se besittings. (Kouse en skoene ingesluit!) Ons kan nie help soek na verlore goedere, wat nie gemerk is nie.

Dogters:
Geen hak-/platvorm skoene nie.
Lang hare moet netjies vasgemaak wees.
Kuiwe moet vasgesteek word, sodra dit in die oë begin hang.
Geen juwele of horlosies nie.
Slegs klein, "stud" oorbelletjies.
Geen gekleurde hare nie.

Seuns:
Hare moet te alle tye kort en netjies gesny wees.
Geen juwele of horlosies.
Geen oorbelle.

Verversings:
Slegs gesonde kos. GEEN lekkers, sjokolade, skyfies ("chips") of gaskoeldrank word toegelaat nie.

Geen kookkos.

Geen kos word by die skool warm gemaak nie.

Geen "noodles".

Gekookte eiers en vrugte moet geskil én gesny wees.

Kleuters moet elke dag 'n toedrukbottel (wat hulle self oop en toe kan maak) met water en 'n tweede bottel kan met aanmaakkoeldrank (liefs nie rooi koeldrank nie) of sap gestuur word.

DUIMPIE Preprimêr

Lormarinsstraat
Bayswater
Bloemfontein
9301

051 4331303

duimpie@lsbfn.com

GEEN gaskoeldrank word toegelaat nie.

Kleuters moet hulle eie lepel bring vir joghurt.

Oggendkosblik (voorstelle/idees):
Gesnyde broodjies, joghurt, vrugte, kasies, biltong, droëwors, soutkoekies.

Geen lekkers, *chips*, koek of soetkoekies nie.

Middagkosblik (vir maats wat tot 17:00 bly):
MOET 'n aparte kosblik wees.

Inhoud: Dieselfde as oggendkosblik.

Kosblikke moet duidelik gemerk wees met u kleuter se naam, klasnaam en of dit 'n oggend of middag kosblik is.

Enige iets in kosblikke, wat nie volgens hierdie reëls is nie, sal huis toe gestuur word.

Algemeen
Alle besittings moet duidelik gemerk wees.

Indien u in uitsonderlike omstandighede kontant na die skool moet stuur (bv. fondsinsamelings), plaas dit in 'n koevert met die volgende besonderhede bo-op: naam van kleuter, bedrag en waarvoor die geld is. Dit kan dan in die ROOI posbus in die Reënboogklas 'gepos' word. GEEN kontant sal net so aanvaar word nie!

Ouers moet die eerste ouerafsprake van die jaar bywoon. Dit is om u beter te leer ken.

Kleuters mag onder GEEN omstandighede speelgoed, boeke of "teddies" skool toe bring nie.

Soms beland die skool se speelgoed per ongeluk by die huis, besorg dit asseblief dadelik terug.

Stel die skool dadelik in kennis indien u woonadres óf telefoonnommer verander.

Maak asseblief seker dat u weet in watter klas u kleuter is en dat u bekend is met die personeel wat met u kleuter werk.

Geen personeellid mag 'n kleuter na óf van die skool vervoer nie.

Hou asseblief te alle tye die veiligheidshekke toe!

Kleuters moet vir die volgende besoeke geneem word:

- Oogtoets
- Tandarts

- Gehoortoets
- Pediater
- Skoolgereedheidstoets (Slegs graad R maats)

Bevestig bogenoemde afsprake met u kleuter se klasonderwyseres en voorsien terugvoer.

Elke klas het hulle eie "Whats-App"groep. U sal vroeg in die nuwe jaar daarop geplaas word. Slegs personeel kan boodskappe op hierdie groepe plaas. Moet u self asseblief nie verwyder van die groepe nie, aangesien ALLE kommunikasie daardeur geskied.

Personeel is nie in klastyd op hulle selfone beskikbaar nie. Skakel asseblief na die kantoor en laat 'n boodskap. Personeel sal slegs (indien moontlik) tydens <u>werksure</u> op "Whats-App" boodskappe reageer.

Duimpie Preprimêr het 'n *facebookblad*. Indien u NIE u kleuter se foto's geplaas wil hê NIE, moet u dit skriftelik, op die eerste dag van skool, aan juffrou Michelle deurgee.

Enige vrae of probleme moet asseblief sonder huiwering en met vrymoedigheid dadelik met u kleuter se klasonderwyseres of die skoolhoof bespreek word.

Hiermee onderneem ek, _____ (ouer se naam en van) van _____ (kleuter se naam en van) om my te vereenselwig met die bogenoemde reëls wat van toepassings is op alle Duimpie-kleuters en daar by te hou onder alle omstandighede. Ek verbind my daartoe om 'n positiewe bydrae tot die skool te lewer.

_____ _____

Handtekening **Datum**

Duimpie Preprimêr beskik oor toegewyde en goed opgeleide personeel, asook gekwalifiseerde onderwyseresse met baie jare se ondervinding en liefde vir kleuters. Ons wil graag 'n besondere bydrae lewer in die voorskoolse ontwikkeling van u kleuter!

<u>Ek is bereid om behulpsaam te wees met (omkring asseblief almal van toepassing):</u>

- ***Duimpie Preprimêr Omgee-komitee***
  (Beplanning van fondsinsamelings, gereelde vergaderings, ondersteuning aan personeel en reël van spesiale dae)

- ***Fondsinsamelings***
  (Fisiese hulp tydens insamelings bv. verkope)

- ***Terrein***
  (Herstelwerk, mooi maak en/of voorsien van plantjies vir ons tuin op 'n gereelde basis)

- ***Borge***
  (Win van borge en/of adverteerders)

- ***Knip-mammas/pappas***
  (Hulp met uitknip vorms, wat tydens plak aktiwiteite gebruik word)

Naam en van (van ouer): _____ *Kontaknommer:* _____